# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS<br>EERSTE ADDISIONELE TAAL |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 70 |
| **TYDSDUUR** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 26 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| **VERGADERINGSDATUM** | |
| **UMALUSI MODERATOR** | |
| **HOOFNASIENER** | |
| **INTERNE MODERATOR** | |

# NASIENRIGLYNE

1. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien met ander woorde die eerste antwoord na.

2. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

3. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

4. By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie. ’n Kandidaat **word nie gepenaliseer as aanhalingstekens ontbreek nie**, al vereis die vraag dit.

5. Vir oop vrae waar **JA/NEE** of **EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE** of **WAAR/ ONWAAR**(vals) plus ’n motivering vereis word, word slegs die rede/motivering nagesien. Indien die kandidaat nie **JA/NEE** skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken. Indien die kandidaat **JA/NEE** sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt. **VALS** (Fals) kan aanvaar word, (False) is egter verkeerd, want dit is Engels.

6. Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

7. By oopend-vrae en vrae waar ’n verduideliking vereis word: indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

8. Indien die kandidaat kru taal gebruik, word die kru woorde geïgnoreer.

9. Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit nie korrek nie, mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

10. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord (wat ten volle uitgeskryf is) aanvaar.

11. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

12. By ’n vraag waar enige **GEBEURE** in die korrekte volgorde gerangskik moet word, verdien die kandidaat **EEN** punt per korrekte antwoord mits dit op die korrekte plek staan.

13. By vrae oor verskil, ironie, ens. waar twee kante van ’n saak vereis word, moet altwee kante gestel word, dus twee punte of 0.

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: *Lien se lankstaanskoene* – Derick van der Walt

| Leesstuk: bl. 47 (226 woorde) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **VOORGESTELDE ANTWOORD** | | | **PUNT** | **VLAK** |
| 1.1 | 1.1.1 | graad 12 | (1) | 1 |
| | 1.1.2 | Japan | (1) | 1 |
| | 1.1.3 | Praag | (1) | 1 |
| | 1.1.4 | biblioteek | (1) | 1 |
| | | | | |
| 1.2 | Lien<br>• se gesin het geld nodig.<br>• se ma drink te veel.<br>• se pa is in die tronk.<br>• wil geld spaar sodat sy kan reis.<br>• hou nie van haar werk nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | | (1) | 2 |
| | | | | |
| 1.3 | 1.3.1 | Malie se Teetuin | (1) | 3 |
| | 1.3.2 | Lien gee vir mense (en plekke) (neerhalende) byname. | (1) | 4 |
| | | | | |
| 1.4 | Lien hoop dat<br>• vandag meer “rosies as dorings” sal oplewer.<br>• die middag iets anders as die vorige dag sal wees.<br>(Enige EEN) | | (1) | 2 |
| | | | | |
| 1.5 | • Lien se pa is in die tronk<br>• Wouter se pa bly in Bloemfontein/sy ouers is geskei.<br>(Enige soortgelyke antwoord. Beide kante moet genoem word om punte te verdien.) | | (2) | 4 |
| | | | | |
| 1.6 | 1.6.1 | D/Lien se pa is nie meer by hulle nie. | (1) | 3 |
| | 1.6.2 | B/Lien het drome vir die toekoms. | (1) | 3 |
| | 1.6.3 | A/Lien is nie die enigste nuwe kind in die skool nie. | (1) | 3 |
| | 1.6.4 | C/Lien kry ’n rol in die skool se toneelstuk. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 1.7 | A/geluk | | (1) | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.8 | • Lien en Christiaan het vasgesit toe hy haar afwesigheid moes monitor.<br>• Hulle was nooit werklik vriende nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.9 | • Vriende sou haar kon help met haar probleme.<br>• Lien kon geleer het om mense te vertrou.<br>• Sosiale interaksies is belangrik vir tieners.<br>• Lien sou nie so alleen gevoel het nie.<br>• Lien was jaloers op Braam wat so baie vriende gehad het en so gemaklik was, sy kon dit ook gehad het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | |
| 1.10 | • Die herhaling van die woord "nóg".<br>• Die akuutteken/aksentteken op die woord "nóg".<br>• Die uitroepteken.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| **Leesstuk: bl. 179 (225 woorde)** | | | |
| 1.11 | • Johnny is Johannesburg toe en sy plek is beskikbaar.<br>• Tibbey nooi vir Lien om saam met hulle 'n breek te vat.<br>• Sproet laat Lien ongemaklik voel.<br>• Roos deel haar lewensverhaal met Lien. | (4) | 1 |
| | | | |
| 1.12 | • Tibbey was in 'n ongeluk.<br>• 'n Kar het vir Tibbey raakgery.<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.13 | 1.13.1 eufemisme | (1) | 3 |
| | 1.13.2 Lien wil/kan nie vir die suster sê dat hulle saam bedel nie. | (1) | 4 |
| | | | |
| 1.14 | gou maak | (1) | 3 |
| | | | |
| 1.15 | 1.15.1 sarkasties | (1) | 3 |
| | 1.15.2 Dit beteken dat Lien nie die waarheid gepraat het nie. | (1) | 4 |
| | 1.15.3 Lien<br>• het gesien dat Tibbey bang was en sy wou hom gerusstel.<br>• wou hê dat Tibbey positief moet bly.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |

<table>
<tr><td>1.16</td><td colspan="2">Lien het<br>• probeer geld insamel om Tibbey te help.<br>• met die bestuurder van die rolbalbaan gepraat om Tibbey daar te laat bly.<br>• haar geld gebruik om vir Tibbey ’n karretjie te laat bou.<br>(Enige TWEE)</td><td>(2)</td><td>2</td></tr>
<tr><td colspan="5"></td></tr>
<tr><td>1.17</td><td colspan="2">• mededeelsaamheid<br>• onbaatsugtigheid<br>• omgee vir mense<br>(Enige EEN of soortgelyk)</td><td>(1)</td><td>3</td></tr>
<tr><td colspan="5"></td></tr>
<tr><td rowspan="3">1.18</td><td>1.18.1</td><td>Lien het “geswem” omdat sy haar nie laat onderkry het nie.<br>(Enige soortgelyke antwoord)</td><td>(1)</td><td>3</td></tr>
<tr><td>1.18.2</td><td>Lien se lankstaanskoene dui op die lang ure wat sy gestaan het om te bedel en dit verg deursettingsvermoë.<br>(Enige soortgelyke antwoord)</td><td>(1)</td><td>5</td></tr>
<tr><td>1.18.3</td><td>Ja<br>• Lien het alles gedoen wat sy kon vir haar familie.<br>• Lien het, ten spyte van alles waardeur sy gegaan het, nog steeds haar vriende se belange bo hare gestel.<br>• Lien het ingespring om in almal se behoeftes te voorsien toe daar geen ander uitweg was nie.<br>OF<br>Nee<br>• Lien moes nie gaan bedel het nie.<br>• Dit is gevaarlik om te bedel en dit is nie iets wat aangemoedig moet word nie.<br>• Lien moes harder werk om geld te verdien sonder om te bedel.<br>(Enige EEN of soortgelyk)</td><td>(1)</td><td>5</td></tr>
<tr><td colspan="5" align="right">TOTAAL VRAAG 1: [35]</td></tr>
</table>

| VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 9 | 5 | 14 | 5 | 2 |
| 14/35 | | 14/35 | 7/35 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

© SACAI KOPIEREG

Blaai asb. om

## VRAAG 2: *Die vlerke van naaldekokers* – Cecilia Steyn

| Leesstuk: bl. 48, 49 (224 woorde) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| VOORGESTELDE ANTWOORD | | | PUNT | VLAK |
| 2.1 | 2.1.1 | Du Preez Greyling | (1) | 1 |
| | 2.1.2 | skrywer | (1) | 1 |
| | 2.1.3 | assistent | (1) | 1 |
| | 2.1.4 | Kaap | (1) | 1 |
| | | | | |
| 2.2 | 2.2.1 | Kylie<br>• se suster/Lienke is dood.<br>• het haar hand verloor. | (2) | 3 |
| | 2.2.2 | • Hulle verhouding het versleg.<br>• Hulle het verder uit mekaar gedryf.<br>• Kylie wou nie veel met haar ma te doen hê nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | | |
| 2.3 | 2.3.1 | Kylie se suster/Lienke is dood in ’n motorongeluk. | (1) | 2 |
| | 2.3.2 | Dit verhoog die spanning (om Kylie se vrees/ senuweeagtigheid te beklemtoon). | (1) | 4 |
| | | | | |
| 2.4 | 2.4.1 | Kylie se pa vat haar op sy motorfiets waar sy moet wees. | (1) | 2 |
| | 2.4.2 | • Skool<br>• Haar sielkundige/Dokter Eksteen | (2) | 1 |
| | 2.4.3 | Kylie se pa koop die Cadillac (waarmee hulle op die “road trip” was) sodat sy kan leer bestuur. | (1) | 4 |
| | | | | |
| 2.5 | C/hy haar aanvaar soos sy is en sy haarself ook kan aanvaar. | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 2.6 | 2.6.1 | D/Ingrid | (1) | 3 |
| | 2.6.2 | A/Charles | (1) | 3 |
| | 2.6.3 | E/Patience | (1) | 3 |
| | 2.6.4 | C/Danika | (1) | 3 |

| Leesstuk: bl. 201 (229 woorde) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.7 | • Kylie besoek die Uilhuis en kry ’n beeldjie van ’n uil as geskenk.<br>• Oupa wys vir Kylie die groot vyeboom waarin hy as kind geklim het.<br>• Oupa vlieg soos ’n arend by die Bloukransbrug.<br>• Oupa, Lee en Kylie kyk *Hamlet* in Maynardville. | | (4) | 1 |
| | | | | |
| 2.8 | A/Kalkbaai | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 2.9 | Lee: Weet dat Kylie se oupa genadedood beplan.<br>Kylie: Haar ma was besig op haar selfoon voor die ongeluk. | | (2) | 2 |
| | | | | |
| 2.10 | 2.10.1 | ’n Mens is magteloos/kan niks doen aan ’n saak nie. | (1) | 3 |
| | 2.10.2 | (Lee dink dat hy onsensitief is) omdat Kylie se hand regtig af is. | (1) | 4 |
| | | | | |
| 2.11 | 2.11.1 | retoriese | (1) | 3 |
| | 2.11.2 | Die vrae<br>• verhoog die spanning.<br>• beklemtoon Kylie se onsekerheid.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | | |
| 2.12 | 2.12.1 | Lee se suster/Katie hou baie van naaldekokers. | (1) | 3 |
| | 2.12.2 | • Soos naaldekokers metamorfose ondergaan, het Kylie ook.<br>• Naaldekokers ondergaan verandering en Kylie het ook.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | | |
| 2.13 | 2.13.1 | Kylie | (1) | 3 |
| | 2.13.2 | Kylie het<br>• afskeid geneem van haar hand.<br>• finaal aanvaar dat sy goed genoeg is soos sy is.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.14 | Kylie<br>• lewe voluit ná die “road trip”.<br>• het geleer om haarself te aanvaar.<br>• is tevrede met hoe haar lewe nou is.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | |
| 2.15 | Kylie<br>• se verhouding met haar ma word beter.<br>• het liefde gevind.<br>• se pa koop die Cadillac vir haar.<br>• het haarself leer aanvaar.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | **TOTAAL VRAAG 2: [35]** |

| VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 11 | 3 | 14 | 3 | 4 |
| 14/35 | | 14/35 | 7/35 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

**VRAAG 3: *Skeur* – Carel van Rooyen**

| Leesstuk: bl. 47 (224 woorde) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **VOORGESTELDE ANTWOORD** | | | **PUNT** | **VLAK** |
| 3.1 | 3.1.1 | Bibi | (1) | 1 |
| | 3.1.2 | tienuur | (1) | 1 |
| | 3.1.3 | Nightshifts | (1) | 1 |
| | 3.1.4 | Richard Charles | (1) | 1 |
| | | | | |
| 3.2 | 3.2.1 | Wetenskaplikes/mense wat die Nightshifts/aardbewings voorspel het. | (1) | 5 |
| | 3.2.2 | • Nie almal se name is bekend nie.<br>• Hulle is nie presies seker wie die mense is nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.3 | Maria se pa is dood/oorlede. | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.4 | B/geweld | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.5 | 3.5.1 | E/hou 'n partytjie by sy huis.. | (1) | 3 |
| | 3.5.2 | A/is ongelukkig omdat die ideale gewig nie bereik gaan word nie. | (1) | 3 |
| | 3.5.3 | C/sien geen punt daarin om op te hou rook nie. | (1) | 3 |
| | 3.5.4 | B/glo die mens se sondes het hul ingehaal. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.6 | VOOR die partytjie het Maria baie van Luan gehou en NÁ die partytjie en wat daar gebeur het, het Maria nie meer so gevoel nie/Luan se familie het weggetrek.<br>(Aanvaar soortgelyke antwoorde. Beide kante moet genoem word om punte te verdien.) | | (2) | 4 |
| | | | | |
| 3.7 | 3.7.1 | Luan se pa s'n. | (1) | 1 |
| | 3.7.2 | Hy het vir Luan (en sy ma) fisies mishandel. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.8 | 3.8.1 | figuurlik | (1) | 3 |
| | 3.8.2 | Dit beteken dat dit skielik baie stil geword het. | (1) | 4 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Leesstuk: bl. 141, 142 (227 woorde)** | | | | |
| 3.9 | | • Meneer Voster verander skole weens beweerde onprofessionele optrede.<br>• Meneer Voster troos Maria.<br>• Meneer Voster skuif Maria na die middel van die klas toe.<br>• Meneer Voster se les word onderbreek deur ’n belangrike afkondiging. | (4) | 1 |
| | | | | |
| 3.10 | | Ná ’n aardbewing het ’n boom op hom geval en die tak het hom deurboor. | (1) | 2 |
| | | | | |
| 3.11 | 3.11.1 | In die bos (agter Luan se huis). | (1) | 1 |
| | 3.11.2 | Ja<br>• Luan probeer vir Evert gerusstel, maar daar is baie min wat hulle vir hom kan doen.<br>**OF**<br>Nee<br>• Luan was deel van die rede dat Evert geloop het.<br>• Evert was vir Luan ’n bedreiging.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | | |
| 3.12 | 3.12.1 | • Evert het die rewolwer gehad en wou dit nie teruggee nie.<br>• Die pornografie wat op sy selfoon was, is as “violent” beskryf.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | 3.12.2 | Maria het vir Evert gesê<br>• om te loop.<br>• om van die rewolwer ontslae te raak.<br>(Enige EEN) | (1) | 2 |
| | | | | |
| 3.13 | | C/mense gekies het om te glo wat sy sê. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.14 | 3.14.1 | Om hom te skiet/om genadedood toe te pas. | (1) | 2 |
| | 3.14.2 | Dat sy in staat is tot geweld (want sy het oorweeg om hom te skiet/Evert se versoek oorweeg). | (1) | 4 |
| | | | | |

© SACAI KOPIEREG

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.15 | 3.15.1 | (per) helikopter | (1) | 1 |
| | 3.15.2 | • Maria het seker gemaak daar is geen pornografie op Evert se foon nie (voordat sy die foon vir sy ma gegee het).<br>• Maria het aan Evert se ma gesê dat Evert gesê het dat hy haar vir alles vergewe.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.16 | Letterlik: Die aardbewings wat die kors/oppervlak van die aarde gaan skeur.<br>Figuurlik: Maria het besef dat sy in staat is tot baie geweld en dit het 'n figuurlike skeur in haar veroorsaak. | | (2) | 3 |
| | | | | |
| 3.17 | Maria het<br>• reeds haar pa verloor.<br>• skuldig gevoel oor wat met Evert gebeur het.<br>• iets ontstellend oor haarself geleer.<br>• dalk skuldig gevoel omdat sy nie eerder by haar ma en suster gebly het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | | (1) | 5 |
| | | | | **TOTAAL VRAAG 3: [35]** |
| | | | | **TOTAAL AFDELING A: [35]** |

| VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 11 | 3 | 14 | 4 | 3 |
| 14/35 | | 14/35 | 7/35 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

# AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 4: *Fiela se kind* – Dalene Matthee

| Leesstuk bl. 47 (222 woorde) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| VOORGESTELDE ANTWOORD | | | PUNT | VLAK |
| 4.1 | 4.1.1 | Pollie | (1) | 1 |
| | 4.1.2 | Koos Wehmeyer | (1) | 1 |
| | 4.1.3 | twee | (1) | 1 |
| | 4.1.4 | ses | (1) | 1 |
| | | | | |
| 4.2 | 4.2.1 | Personifikasie | (1) | 3 |
| | 4.2.2 | Dit beteken dat dit baie warm was. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 4.3 | 4.3.1 | lafenis teen die hitte | (1) | 3 |
| | 4.3.2 | Nee, sy wonder oor al hierdie goed, (maar is baie gelowig en sal voel dit is sonde om kwaad te wees). (Of soortgelyk. Ja is nie ’n opsie nie.) | (1) | 4 |
| | | | | |
| 4.4 | 4.4.1 | Fiela is baie gelowig. | (1) | 4 |
| | 4.4.2 | Fiela<br>• het weer en weer by die magistraat gepleit (al het hy haar weggejaag).<br>• wou nie dat Benjamin die grond by haar koop nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | | |
| 4.5 | 4.5.1 | hanskind | (1) | 3 |
| | 4.5.2 | • Fiela het hom een nag voor haar deur gekry.<br>• Fiela het na Petrus Zondagh toe gegaan om te hoor wat om te doen – hy was nie beskikbaar nie (en daarom het sy toe vir Benjamin gehou).<br>• Fiela was twee keer na die veldkornet toe, maar hy was ook nie beskikbaar nie (en daarna het sy vir Benjamin gehou).<br>• Ná al Fiela se pogings (om die regte ding te doen) was die kind baie geheg aan Fiela en toe hou sy hom.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 2 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.6 | 4.6.1 | Die aankoms van die sensusmanne (op Wolwekraal). | (1) | 2 |
| | 4.6.2 | Benjamin sou<br>• moontlik gelukkig by Fiela gewees het.<br>• altyd daar gebly het en ook geboer het.<br>• dalk nooit Knysna gesien het nie.<br>• nie mishandel geword het nie.<br>• nie vir Nina geken het nie.<br>• nooit 'n identiteitskrisis ontwikkel het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | | |
| 4.7 | 4.7.1 | • Die sensusopnemers sou hom kom haal het.<br>• Die sensusopnemers wou nie dat hy en Fiela loop nie, dit sou te lank gevat het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | 4.7.2 | • Fiela het hom gebad.<br>• Hy het nuwe klere/hemp/skoene gekry.<br>• Dawid se baadjie vir Benjamin geleen.<br>• Fiela berei hom voor op moontlike vrae.<br>• Fiela gee vir Benjamin geld (5 sjielings) saam.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | 4.7.3 | • Fiela het geweet hy kon nie die kind wees wat in die bos weggeraak het nie.<br>• Die sensusopnemers het belowe hulle bring hom terug, sy het hulle geglo.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | | **Leesstuk bl. 93, 94 (224 woorde)** | | |
| 4.8 | • Nina deel haar geheim met Lukas.<br>• Nina en Lukas word saam gestraf.<br>• Nina en Lukas gaan saam dorp toe.<br>• Nina en Lukas praat op die strand. | | (4) | 1 |
| | | | | |
| 4.9 | In die dorp/Knysna/Noetzie | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 4.10 | Elias/die Van Rooyens<br>• het lanklaas van haar gehoor.<br>• wil haar geld hê wat sy verdien.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | | (1) | 3 |
| | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.11 | 4.11.1 | • Elias sou nie weet hoe lank dit hom gevat het om na Nina te soek nie.<br>• Nina het nie geweet Lukas is op pad na haar toe nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | 4.11.2 | Hy het haar gevra om Bos toe te gaan en vir Elias te sê hy kom nie terug nie. | (1) | 2 |
| | | | | |
| 4.12 | Nina<br>• het as kind vir hom gejok.<br>• wou nie meer haar geld vir hom gee nie.<br>• was bereid om vir hom te gaan sê dat Lukas nie terugkom nie.<br>• wou nooit weer teruggaan huis toe nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 4.13 | 4.13.1 | C/“Die dorpenaars spot met ons bosmense.” | (1) | 3 |
| | 4.13.2 | E/“Hou net jou kop in die lug.” | (1) | 3 |
| | 4.13.3 | A/“Was there something you wanted?” | (1) | 3 |
| | 4.13.4 | B/“Kom jy dan uit die Bos?” | (1) | 3 |
| | | | | |
| 4.14 | 4.14.1 | Dat hy verlief geraak het op sy suster/Nina. | (1) | 2 |
| | 4.14.2 | • Dit het daartoe gelei dat hy die waarheid uitvind.<br>• Fiela se raad was nie selfsugtig nie.<br>• Fiela wou die beste vir hom hê (selfs al was dit nie by haar nie).<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.15 | 4.15.1 | Benjamin/Lukas<br>• het nooit geweet wie hy is nie.<br>• kies (later) sy eie identiteit.<br>• het nooit regtig iewers ingepas nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | 4.15.2 | • Daar is altyd mense wat nie weet wie hulle biologiese ouers is nie.<br>• Daar is altyd mense wat hulle plek in die wêreld soek.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | | **TOTAAL VRAAG 4: [35]** |

| VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 9 | 5 | 14 | 3 | 4 |
| 14/35 | | 14/35 | 7/35 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

## VRAAG 5: *Pad na jou hart* – Ivan Botha en Donnalee Roberts

| Leesstuk: bl. 38 (227 woorde) | | | | |
|---|---|---|---|---|
| VOORGESTELDE ANTWOORD | | | PUNT | VLAK |
| 5.1 | 5.1.1 | Vecto Petroleum | (1) | 1 |
| | 5.1.2 | tegnologie | (1) | 1 |
| | 5.1.3 | lewenslesse | (1) | 1 |
| | 5.1.4 | uitdagings | (1) | 1 |
| | | | | |
| 5.2 | 5.2.1 | humoristies | (1) | 3 |
| | 5.2.2 | Dit is ’n ernstige situasie, (Basson Sr. is baie ernstig siek) maar Basson Sr. probeer die atmosfeer ligter maak. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 5.3 | Kaapstad | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 5.4 | 5.4.1 | Basson Sr. se vrou/Basson Jr. se ma se dood. | (1) | 2 |
| | 5.4.2 | Basson Sr. het<br>• net op sy werk begin fokus en nie meer aandag aan sy seun gegee nie.<br>• gesukkel om met die verlies van sy vrou saam te leef en nie op sy seun gefokus nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | | |
| 5.5 | D/hy vir Basson Sr. ondersteun, selfs al is dit nie wat hyself sou gedoen het nie. | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 5.6 | 5.6.1 | Letterlik: Basson Sr. het ’n hartoorplanting gehad/dit is nie sy oorspronklike hart nie.<br>Figuurlik: Hy het sy vrou/hart (vir wie hy lief was) verloor. | (2) | 3 |
| | 5.6.2 | Basson Sr. bedoel dat hy na sy vrou toe wil gaan/gereed is om dood te gaan/liewer wil sterf. | (1) | 3 |
| | | | | |

© SACAI KOPIEREG

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5.7 | Basson Sr. se bekommernis was dat Basson Jr.<br>• nie reg/volwasse genoeg is om die besigheid oor te neem nie.<br>• nooit sal weet hoe lief hy vir hom is nie.<br>• nie ware liefde sal ervaar nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | | (1) | 5 |
| | | | | |
| 5.8 | 5.8.1 | D/Gelukkige kinderjare | (1) | 3 |
| | 5.8.2 | A/Ewige herinneringe | (1) | 3 |
| | 5.8.3 | E/Maak ’n verskil | (1) | 3 |
| | 5.8.4 | C/Waarheen die lewe op pad is | (1) | 3 |
| **Leesstuk: bl. 99 (224 woorde)** | | | | |
| 5.9 | • Basson Jr. se familie noem hom Kettie van Rensburg.<br>• Amory was gereed om Basson Jr. met ’n kettie te skiet.<br>• Basson Jr. noem Amory “Kettiemeisie”.<br>• Basson Jr. oorhandig sy kettie aan Pietie. | | (4) | 1 |
| | | | | |
| 5.10 | AAN DIE BEGIN is Basson Jr.<br>• ’n rokjagter wat nie aan verhoudings glo nie.<br>• oortuig daarvan dat tegnologie die toekoms is.<br>• iemand wat materiële rykdom belangrik ag.<br>**EN**<br>AAN DIE EINDE is Basson Jr.<br>• verlief op Amory.<br>• glo hy in die waarde van mense.<br>• weet hy dat liefde, vriendskap en familie die belangrikste is.<br>(Enige soortgelyke antwoord. Beide kante van die saak moet genoem word.) | | (2) | 4 |
| | | | | |
| 5.11 | Toe Basson Jr. dit later uitvind, was hy baie kwaad vir haar. | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 5.12 | 5.12.1 | Sy ma is dood in ’n vliegongeluk. | (1) | 1 |
| | 5.12.2 | Basson Jr. het Kaap toe gevlieg waar Amory geopereer is. | (1) | 2 |
| | | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.13 | • Dit beteken dat Basson Jr. net glimlag omdat dit die verlangde reaksie is.<br>• Basson Jr. glimlag net omdat dit goeie maniere is.<br>• Dit is nie 'n opregte glimlag nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.14 | Basson Jr.<br>• het al sy take suksesvol voltooi om sodoende aan die vereistes wat sy pa gestel het, te voldoen.<br>• se pa is oorlede (en hy kon dus erf).<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.15 | A/groei. | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.16 | Basson Jr.<br>• het gegroei en geleer.<br>• volg in sy pa se voetspore met betrekking tot die besigheid.<br>• besef waaroor die lewe gaan.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 5.17 | Basson Jr. het<br>• by Amory geleer wat liefde is/hoe om te gee/hoe om om te gee.<br>• liefde gevind.<br>• saam met Amory al sy pa se take voltooi.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5.18 | 5.18.1 | Basson Jr. het besef dat hy verlief is op Amory/waar sy ware noord is. | (1) | 4 |
| | 5.18.2 | Die kompas dui Basson Jr. se ware noord aan en dit sluit aan by die titel wat gaan oor die pad na iemand se hart. Die kompas dui rigting aan. | (1) | 5 |
| | 5.18.3 | • Leef met oorgawe.<br>• Leef om ’n verskil in ander se lewens te maak.<br>• Moenie nee sê vir avontuur nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | | **TOTAAL VRAAG 5: [35]** |
| | | | | **TOTAAL AFDELING B: [35]** |

| VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 10 | 4 | 14 | 4 | 3 |
| 14/35 | | 14/35 | 7/35 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

## AFDELING C: KORTVERHALE

### VRAAG 6

| | | VOORGESTELDE ANTWOORD | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|---|
| **6.1** | ***Die vlek*** **– Piet Nell [bl. 31, 32 (225 woorde)]** | | | |
| 6.1.1 | (a) | blind | (1) | 1 |
| | (b) | (gids)hond | (1) | 1 |
| | (c) | wetenskapfiksie/fantasie | (1) | 1 |
| | (d) | wolkekrabber/gebou | (1) | 1 |
| | | | | |
| 6.1.2 | (a) | Henry sien die kleure vir die eerste keer raak. Hy het dit nog nooit gesien nie (want hy is blind), hy is net geleer wat die kleure is. | (1) | 3 |
| | (b) | • Hy is verstom/verbaas.<br>• Hy kan nie glo wat hy sien nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | | |
| 6.1.3 | (a) | Henry<br>• kan sien.<br>• se reaksie op die vlek is positief.<br>• se reaksie is 'n wonderwerk.<br>• is opgewonde.<br>• kan nie ophou kyk nie.<br>Die ander mense<br>• is ontsteld.<br>• lyk boos.<br>• is vererg.<br>(Enige EEN of soortgelyk. Albei kante moet genoem word om EEN punt te verdien.) | (1) | 4 |
| | (b) | • hoofpyne<br>• skerp brand in die oë<br>• lighoofdigheid<br>(Enige TWEE) | (2) | 2 |
| | | | | |
| 6.1.4 | Hy is nie seker of hy eerder die professor wat oor die vlek gepraat het, moet kontak ✓ nie (aangesien hy positiewe gevolge ervaar), MAAR sy ma wil nie 'n bohaai ✓ maak nie.<br>(Of soortgelyk. Beide kante moet genoem word om punte te verdien.) | | (2) | 4 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.1.5 | • By die kunstefees.<br>• Tydens die opera-uitvoering<br>• Teen die voorhang.<br>(Enige EEN) | | (1) | 1 |
| 6.1.6 | • Ander mense het ook herstel van kwale.<br>• Daar is iemand wat skielik weer kon loop.<br>• Iemand het nie meer sy/haar bril nodig gehad nie.<br>• Iemand is van vigs genees.<br>(Enige EEN) | | (1) | 3 |
| 6.1.7 | (a) | B/Henry besef hy kan sien. | (1) | 3 |
| | (b) | D/Aiku reageer vreemd. | (1) | 3 |
| | (c) | E/Verkeerskonstabel Harms skiet op die vlek. | (1) | 3 |
| | (d) | C/Die vlek verskyn nie weer nie. | (1) | 3 |
| 6.1.8 | • Mense reageer soms so negatief op onbekende dinge dat iets goeds vernietig word.<br>• Mense se eerste reaksie is om agterdogtig oor die onbekende te wees en hulle soek nie die positiewe in die onbekende nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | | (1) | 5 |
| | **EN** | | | |
| **6.2** | **Opdrag – Rike Olivier [bl. 90, 91 (225 woorde)]** | | | |
| 6.2.1 | • Jaco laat Sarah gril by 'n sosiale geleentheid.<br>• Gerrie en Sarah neem saam deel aan *Romeo and Juliet.*<br>• Sarah se klas kry die opdrag om te doen.<br>• Sarah dink aan haar ouma wat op 16 getrou het. | | (4) | 1 |
| 6.2.2 | (a) | Juffrou Jordaan/Jordaantjie | (1) | 1 |
| | (b) | *Pot vol winter* | (1) | 1 |
| 6.2.3 | C/opgewonde | | (1) | 3 |
| 6.2.4 | Die skuinsgedrukte gedeeltes (dui haar denke aan). | | (1) | 3 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.2.5 | (a) | figuurlik | (1) | 3 |
| | (b) | Dit beteken (nie maer nie, maar eerder) min/nie genoeg nie.<br>(Enige soortgelyke antwoord) | (1) | 3 |
| | | | | |
| 6.2.6 | | • Dat hierdie een van die tipe vrae is waaroor 'n mens baie lank sal kan praat/argumenteer.<br>• Hierdie is 'n filosofiese vraag.<br>• Hierdie is 'n vraag wat nie 'n definitiewe antwoord het nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | | |
| 6.2.7 | (a) | • Hulle loop dikwels hand-om-die-lyf.<br>• Hulle sit styf teen mekaar op die bank.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| | (b) | • Hulle wys vir haar dat 'n mens kan verskil/argumenteer en nog steeds lief wees vir mekaar.<br>• Hulle wys vir haar hoe belangrik die regte keuse van 'n lewensmaat is.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | (c) | Tieners<br>• weet nog nie hoe om die regte keuses te maak nie.<br>• moet kan sien wat reg en verkeerd is.<br>• volg maklik wat hulle ouers doen.<br>• volg dikwels/gewoonlik hulle ouers as rolmodelle.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.2.8 | (a) | As die skool<br>• se biblioteek die boek aanhou, sal meer leerlinge dit lees.<br>• die boek as deel van voorligting gebruik, sal leerlinge leer.<br>(Enige EEN) | (1) | 1 |
| | (b) | Sarah het besef dat dit belangrik is dat jongmense die regte leiding kry as dit kom by intimiteit. | (1) | 4 |
| | (c) | • Sodat onnodige foute nie gemaak word nie.<br>• Tieners het nie vrymoedigheid om te vra nie.<br>• Jongmense word deur soveel verkeerde feite op sosiale media gebombardeer dat hulle eerlike antwoorde nodig het.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| | | | | **TOTAAL VRAAG 6: [35]** |
| | | | | **TOTAAL AFDELING C: [35]** |

| VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 11 | 3 | 14 | 5 | 2 |
| 14/35 | | 14/35 | 7/35 | |
| 40% | | 40% | 20% | |

# AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 7

| | VOORGESTELDE ANTWOORD | | PUNT | VLAK |
|---|---|---|---|---|
| **7.1** | ***Die dans van die reën* – Eugène N. Marais (bl. 63)** | | | |
| 7.1.1 | (a) | Groot Woestyn | (1) | 1 |
| | (b) | Lied/lied | (1) | 1 |
| | (c) | Suster | (1) | 1 |
| | (d) | dans | (1) | 1 |
| | | | | |
| 7.1.2 | (Dit is ’n woestyn en) reën is skaars. | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 7.1.3 | “skelm”/“loer” | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 7.1.4 | (a) | tipografiese wit | (1) | 1 |
| | (b) | Die naderende reën/tydsverloop | (1) | 3 |
| | | | | |
| 7.1.5 | (a) | B/personifikasie | (1) | 3 |
| | (b) | E/metafoor | (1) | 3 |
| | (c) | A/enjambement | (1) | 3 |
| | (d) | C/inversie | (1) | 3 |
| | | | | |
| 7.1.6 | D/opgewonde | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 7.1.7 | • Versreëls/strofes is nie ewe lank nie.<br>• Daar is nie ’n vaste rymskema nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 7.1.8 | AAN DIE BEGIN van die gedig is die reën nog ver ✓ (“loer skelm”/“lag saggies”/donderweer) en DEUR DIE GEDIG kom dit al nader ✓ (“fyn spore”) totdat dit AAN DIE EINDE van die gedig begin reën ✓ (“sprei die vaal karos”).<br>(Enige TWEE stappe. Progressie/vordering moet duidelik gestel word.) | | (2) | 4 |
| | | | | |
| 7.1.9 | “sy sprei die vaal karos met altwee arms uit,” (Versreël 22) | | (1) | 3 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7.1.10 | Ja<br>• Dit dui die opgewondenheid oor die reën aan.<br>• Dans is ’n vrolike aksie.<br>**OF**<br>Nee<br>• Die titel gee nie genoeg inligting nie.<br>• Dit titel laat die leser dink dat dit klaar reën en dan beskryf die gedig hoe die reën van ver af nader kom.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | | (1) | 5 |
| | **EN** | | | |
| **7.2** | ***Klara Majola* – D.J. Opperman** (Bladsy 74) | | | |
| 7.2.1 | • Klara se pa werk as arbeider op die plaas.<br>• Ten spyte van sy gebrek, kom Klara se pa sy huishoudelike pligte na.<br>• Sig word moeiliker en daar heers bekommernis.<br>• Goeie intensies het tragiese gevolge. | | (4) | 1 |
| | | | | |
| 7.2.2 | Kruisrym | | (1) | 2 |
| | | | | |
| 7.2.3 | Die kommas (wat die tempo verlaag) (sodat ons fokus op die woorde “die blinde”). | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 7.2.4 | (a) | wending | (1) | 3 |
| | (b) | • Hier is nou ’n verandering in die gedig.<br>• Ons sien dat Klara nie haar pa gekry het nie, maar iets het met haar gebeur.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 4 |
| | (c) | ’n Mens sou verwag dat haar pa, wat blind is, sal verdwaal, MAAR nou verdwaal Klara wat kan sien/die wêreld ken.<br>(Of soortgelyk. Albei kante moet genoem word vir 1 punt) | (1) | 3 |

© SACAI KOPIEREG

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 7.2.5 | • Die woord "Klein"<br>• Alliterasie van die Kl-klanke **<u>Kl</u>**ein **<u>Kl</u>**ara | | (2) | 2 |
| | | | | |
| 7.2.6 | • "kromgetrek" is effektief omdat 'n mens jou bene en arms intrek as jy koud kry en Klara het verkluim.<br>• "wingerdstok" is effektief omdat hulle naby 'n wynplaas gebly het. | | (2) | 4 |
| | | | | |
| 7.2.7 | (a) | apostroof | (1) | 3 |
| | (b) | • Dit wek simpatie omdat die skrywer direk met die ontslape Klara praat.<br>• Dit beklemtoon die tragedie dat 'n jong meisie haar lewe verloor het.<br>• Dit verduidelik die emosie/gevoel van die spreker.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | | |
| 7.2.8 | "warm" "verkluim"<br>(Albei woorde moet genoem word vir 1 punt) | | (1) | 2 |
| | | | | |
| 7.2.9 | • Klara se storie is so tragies.<br>• Dit is hartseer dat so 'n jong kind haar lewe verloor het omdat sy na ander wou omsien.<br>• Sodat Klara se storie/wat met haar gebeur het nie vergeet word nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | | (1) | 5 |
| | | | | **TOTAAL VRAAG 7: [35]** |
| | | | | **TOTAAL AFDELING D: [35]** |
| | | | | **GROOTTOTAAL: [70]** |

| VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|
| 10 | 4 | 14 | 5 | 2 |
| 14/35 | | 14/35 | 7/35 | |
| 40% | | 40% | 20% | |